
**5.4.010 <u>Kerkplein</u>** [Erfnommers 275 en 276]

<u>Skoolgebou, Mynbou-gebou en Pastorie</u>



[1] [2] [3] [4]

4. Kimberly Hotel
2. Eerste goewerment-skoolgebou
3. Kantoor van die Kommissaris van Mynbou
3. Pastorie

Die hele blok [op die foto], tussen Kerkplein, Markstraat [Paul Krugerstraat], Vermeulenstraat en Palace-straat, bestaan uit twee erwe, nl. die westelike erf, nommer 275, en die oostelike erf, nommer 276.

Erf 275 waarop die skoolgebou gestaan het, het aan M.W. Pretorius behoort. Op 11 Januarie 1860 is dit afgestaan en oorgemaak aan “de Gouvt. voor schoolgelegen” en is op daardie stadium geregistreer “als de Schoolerf”.

Erf 276 waarop die ou pastorie gestaan het, het ook aan M.W. Pretorius behoort en is in 1860 aan die Nederduits Hervormde Kerk verkoop. In 1887 is dit deur Marinus Franken gekoop en dadelik weer aan die Staat verkoop.

Die eerste goewerment-skoolgebou is in 1860 deur William Skinner en Edward Devereux gebou. Heel moontlik het hulle net opgetree as bouaannemers. Die skool het oorspronklik uit een groot vertrek bestaan, maar in 1868 word die gebou vergroot [Rex-03, p. 150] en bestaan toe uit vier kamers, nl. ‘n groot saal, 'n voorsaal en nog twee kamers [Rex-03, p. 163].

C. Beelaerts van Blokland beskryf die skool as een groot kamer met "vier kale wanden, enige ramen en een deur". Die vertrek het voorheen ook diens gedoen as Volksraadsaal en in 1884 was daarin kerk gehou, aangesien die tweede kerk op Kerkplein nog in aanbou was nadat die eerste kerk afgebrand het [Pr-56, p. 17].

In Mei 1862 is die landdroskantoor sowel as die goewermentskantoor oorgeplaas [vanaf die Pastorie] na die langsaangeleë goewerment-skoolgebou. Tot in 1865 het die goewerment-skoolgebou die hele regeringsadministrasie gehuisves, tot dit in daardie jaar weer opnuut in gebruik geneem is as goewermentskool met Stiemens as onderwyser. Vanaf 1867 is die Landroskantoor weer na die een helfte van die skool terugverplaas, nadat dit vir 'n tyd lank in Albert Brodrick se vroeëre woonhuis aan die noord-oostelike kant van Kerkplein gehuisves is. Die landdroskantoor het tot in 1874 in 'n gedeelte van die skool gebly, waarna dit oorgeplaas is na die nuwe landdrosgebou in die vroeëre winkelgebou van Austen, op die noord-westelike hoek van Kerkstraat en Kerkplein. Dit was dieselfde gebou wat oorspronklik in 1854 deur ouderling J.F. Schutte vir homself en sy gesin gebou is [Pr-041, p. 18].

In 1879 het 'n verslaggewer van die koerant die eksamen van die Staat Skool op Kerkplein bygewoon. Volgens hom is die skool in 'n baie swak toestand. Dit lyk erger as 'n varkhok. Die skool lê onderkant die watervoor en is dus voortdurend klam en ongesond. Daar is ook groot gate in die dak. In die 1ste klas is pryse toegeken aan Cornelis Rissik en Jan F.E. Celliers, en in die 2de klas het die pryse gegaan aan Jacobus Begeman en Jacobus Juta [V 1879-01-01].

Die skoolgebou word in 1896 gesloop om plek te maak vir die Paleis van Justisie [Rex-03, p. 149].

Volgens Lola Dunston [Dun-01, p. 8] was die middelste gebou op die foto in 1889 deur C.J. Joubert, die Minister van Mynbou, as kantoor gebruik. Die myningenieur en drie klerke was ook in die gebou werksaam. Wanneer dit opgerig is is nie bekend nie.

<u>Bronne</u>


Dun-01 Dunston, L. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston.

Eng-01 Engelbrecht, S.P. 1952. **Eeufees-Album: Pretoria se eerste eeu in beeld**. Pretoria: J.L. van Schaik. [foto p. 19]

Pr-41 Rex, H.M. 1963. **Historiese besienswaardighede in en rondom Pretoria III.** Pretoriana, Nommer 41, April.

Pr-56 Spies, F.J. du T. 1968. **Die skool van Louis: Herinneringe van C. Beelaerts van Blokland.** Pretoriana, Nommer 56 & 57, April – Augustus.

Rex-03 Rex, H.M. 1956. **Geskiedenis van die eerste ou goewermentsgebou en sy voorlopers in Pretoria.** M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria.


*V = De Volksstem

Rosa Swanepoel Versameling [Foto Kp4-004]